Hoërskool
DR. E.G. JANSEN

POSBUS 25454, OOSRAND, 1462 TEL: 011 826 1538/9/ 826 1546 FAKS: 011 826 4015 EPOS@EGJANSEN.CO.ZA WWW.EGJANSEN.CO.ZA

22 Junie 2022

Liewe Jansen Ouers

Ons nader nou vinnig die einde van die tweede kwartaal. Dit was ‘n baie besige termyn volgepak met ‘n verskeidenheid aktiwiteite op sport-, kultuur- en akademiese gebied.

AKADEMIE

Die eksamen staan nou einde se kant toe en rapporte sal na die vakansie uitgedeel word. Die oueraand se datum sal in die volgende kwartaal deurgegee word aangesien al ons Junie-eksamenpunte eers deur die Onderwysdepartement goedgekeur moet word.

SPORT

Baie geluk aan al die leerlinge wat vir provinsiale spanne gekies is en tydens die vakansie aan verskeie toernooie gaan deelneem. Baie sterkte aan elkeen van julle. Ons weet julle gaan ons baie trots maak.

Die Suid-Afrikaanse Skole Netbaltoernooi vind ook volgende week op Dr EG Jansen se bane plaas. Ons wens almal daarby betrokke ook sterkte toe.

KULTUUR

Ander skoolaktiwiteite wat tydens die vakansie plaasvind, is die revue-oefenweek. Neem asseblief kennis dat die leerlinge die hele week vanaf Vrydag, 24 Junie 2022 tot Vrydag, 1 Julie 2022 elke dag van 8:00-20:00 oefen. U kan tydens die vakansie ook kaartjies vir die vertonings op die volgende dae by die finansiële kantoor koop: Woensdag, 29/6 tot Vrydag, 1 Julie 2022.

VAARWEL

Dis met ‘n swaar hart dat ons na 23 jaar van mnr Anton Lubbe, ons adjunkhoof, afskeid neem. Hy gaan op vroeë aftrede sodat hy meer tyd aan sy private maatskappy kan bestee. Ons is baie dankbaar vir die groot bydrae wat hy tot Dr EG Jansen gelewer het. Hy laat ‘n groot leemte in ons topbestuur.

Geniet u vakansie en rus goed uit.

Jansengroete.

Mnr LF de Beer

SKOOLHOOF